

23 Augustus

Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47

Fokusgedeelte: Handeling 2:42 (1933/53-vertaling)

Lê jou toe op onderlinge verbondenheid

Wanneer God jou roep, verander jou lewe radikaal. Ons sien in hierdie gedeelte dat die nuwe gelowiges na die lewende God en ook na sy reddende genade in Christus draai (1 Tess. 1:9-10). Deel van 'n nuwe lewe in Christus is om jou fokus op God te plaas eerder as op jouself. Dan sien 'n mens dit in die vrugte van jou optrede (Luk. 3:8-14). Dit is die effek wat die Heilige Gees op jou lewe het.

Lukas beskryf vir ons hier wat die effek was van die hartsverandering wat die gelowiges ondergaan het. Die genade wat hulle in Christus ontvang het, het hulle onder mekaar begin leef. Die gelowiges het hulle met die leer van die apostels besig gehou. Dit is hierdie leer wat hulle tot bekering gebring het en waarin hulle verder groei en leer van God se beloftes in Christus.

Hulle het erns met die Woord van die Here gemaak. Daar het dit egter nie gestop nie. Hulle het besef dat God se genade, barmhartigheid en liefde ook uitgeleef moet word teenoor mekaar. Hulle het hulle ekstra besittings verkoop tot versorging van mekaar in al hulle behoeftes. Die individu se behoeftes het elkeen se behoeftes geword. Verder het hulle saam gebid wanneer besluite gemaak moes word (Hand. 1:24) en ook vir versterking en die vrymoedigheid om die Woord van die Here aan ander uit te dra (Hand. 4:31). Hulle het mekaar se belange op die hart gedra. As 'n hegte gemeente het hulle dan saam nagmaal gebruik om die offer van Jesus te vier en om hulle in die geloof te versterk. So het hulle saam gegroei as die gemeenskap van die gelowiges waartoe die Heilige Gees hulle gevoeg het as gevolg van Christus se heilswerk.

Ons moet egter nie vers 47 vergeet nie. Die Here het meer en meer mense bygevoeg wat gered is. Die gelowiges se fokus was nie net inwaarts gerig nie, maar hulle diensbaarheid in God se Koninkryk het veroorsaak dat meer mense tot geloof gekom het.

Laat ons elke dag bid dat die Heilige Gees meer in ons werk en ons lewens radikaal verander, sodat die eie "ek" in myself sal sterf en ons Christus se voetstappe sal volg (1 Pet. 2:20) en vir die gemeenskap van gelowiges sal leef tot uitbou van sy kerk en Koninkryk. Mag ons Hemelse Vader ons daartoe sterk.

Sing: Psalm 25:4 (1936)

Teologiese Student DFC Kruger